SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 16 MEI 2021

Goeie môre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur Johan, ZS6JPL. Die oudio bulletins kan afgelaai word vanaf die Liga webwerf by www.sarl.org.za, terwyl die teks bulletins by https://sarlnewsbulletin.wordpress.com/ afgelaai kan word. Om by die Mailchimp bulletin e-poslys aan te sluit, stuur 'n e-pos aan die SARL Sekretaris.

In die nuus vandag:

DIE SARL OPNAME

DIE ZS3 NAELLOOP VANMIDDAG

en

DIE SARL-100 WERKGROEP

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuus items.

DIE SARL OPNAME

Die SARL Skakel span wil graag weet hoe lank die gemiddelde Amateur geneem het om hul nalatenskap lisensie te wysig. Gee jou eerlike terug voer in die opname by www.surveymonkey.com/r/NY6JR39. Daar is ook 'n skakel op die SARL-webwerf.

SARL REAKSIE OP KONSEP TOERUSTING MAGTIGINGS REGULASIES

Op Vrydag middag 14 Mei het die SARL sy reaksie ingedien op die Konsep Toerusting Magtigings Regulasies soos gepubliseer deur OKOSA op 30 Maart 2021. Die Liga bedank OKOSA vir die publikasie van die konsep regulasies en die insluiting van Amateur Radio in die lys van uit sluitings. Maar die Liga is van mening dat die konsep regulasies nie duidelik is oor wat ingesluit is in die uit sluiting van die regulasies nie. Die Liga het 'n aantal voorstelle gedoen wat verwys na die Frekwensie Spektrum-regulasies en ITU-regulasies 1.56 en 1.57.

DIE ZS3 NAELLOOP VANMIDDAG

Die ZS3 Naelloop is vanmiddag van 14:00 tot 15:00 UTC (16:00 tot 17:00 SAT) op die lug met GG en foon aktiwiteit op 40 meter. Die uitruiling is RS(T) en provinsiale of lands afkorting. Stuur jou logstaat in ADIF-, Cabrillo- of MS Excel-formaat in teen 23:59 SAT op Vrydag 21 Mei 2021 na zs3nc@qsl.net. Kry al die reëls op bladsy 75 van die 2021 Blouboek.

AMATEURS IN NIEU-SEELAND HET WEER TOEGANG TOT 60 METER.

Paul Gaskell, G4MWO, die redakteur van die 5 MHz-nuusbrief, berig dat die Nieu-Zeelandse Vereniging vir Radio senders (NZART) onlangs aangekondig het dat onderhandelinge met die reguleerder RSM suksesvol was om 60 meter werking vir Nieu-Zeeland radio amateurs te akkommodeer. Na die einde van die twee kanaal 60 meter 'proef' in Nieu-Zeeland gedurende 2020, sal amateurs daar nou toegang hê tot 'n WRC-15 amateur sekondêre toe wysing van 5 351,5 - 5 366,5 kHz met 'n maksimum toelaatbare krag van 15 W EIRP (ongeveer 9,14 W) deur aansoek te doen vir 'n sub-lisensie. Hierdie toets periode sal vir 12 maande duur om RSM in staat te stel om te bepaal of probleme met steurings ontstaan. As geen ontstaan, sal NZART met RSM onderhandel om die 60 meterband by die Algemene Gebruikers radio lisensie te laat voeg, wat in die toekoms 'n behoefte aan 'n sub-lisensie uit skakel.

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga

DIE SARL-100 WERKGROEP

Die SARL-100 Werkgroep is tydens die Raadsvergadering op Dinsdag 11 Mei 2021 geskep met die doel om die geskiedenis van die SARL in te samel. Karel Bezuidenhout, ZS6WN, is die Raadslid wat na hierdie portefeulje om sien. Die WG is bewus van baie historiese materiaal by die Argiewe in Kaapstad.

Die WG wil ook Jan Du Toit, ZS6ALC, bedank wat ou Radio ZS-tydskrifte aan die Liga geskenk het. Lede word uit genooi om ou Radio ZS-tydskrifte, roepsein boeke, klub tydskrifte en nuus briewe, ou foto's, ou QSL-kaarte, ensovoorts aan die SARL-100 WG te skenk. Kontak Karel, ZS6WN by zs6wn@bezts.co.za as jy sulke materiaal het.

KOMPETISIE NUUS

Die derde Woensdag 80 m Klub Naelloop is vanaf 17:30 tot 18:30 UTC (19:30 tot 20:30 SAT) op Woensdag 19 Mei op die lug met GG en foon aktiwiteit. Die uitruiling is 'n RS- of RST-verslag, jou 4 karakter ruit vierkant en die naam van jou Klub. Die QSY-reëls vir Naellope is van toepassing. Jy verdien 2 punte vir elke QSO, 2 punte vir die eerste QSO met elke ruit vierkant en 1 punt vir elke Klub wat gewerk word. Logstate in MS Excel-formaat moet teen 23:59 SAT op Maandag 24 Mei per e-pos ingedien word na zs4bfn@mweb.co.za. Kry die reëls op bladsy 63 van die 2021 Blouboek.

Die komitee het 38 logstate ontvang vir die 40 m Ruit vierkant Naelloop wat op Dinsdag 27 April 2021 gehou is. Die logstate het 744 QSOs weer spieël met 373 ruit vierkante en 334 klubs. Twaalf klubs verskyn in die uitslae. Die volledige uitslae is in HF Happenings 964.

1ste Wesrand ARK - 1 032 punte (14 logstate)

2de die Bo-Karoo ARK - 348 punte (4 logstate)

3de Noord-Kaapse ARK - 273 punte (3 logstate)

Individuele tellings.

1ste Michael, ZS4BHF - 151 punte

2de Karen, ZS6MMA - 140 punte

3de Kobus, ZS6BOS - 137 punte

Nege logstate is ontvang vir die ADV Buis QSO Partytjie wat op Saterdag 1 en Sondag 2 Mei gehou is. Vir die AM QSO Partytjie is twee logstate ontvang met ses roepseine en vir die ESB QSO Partytjie is agt logstate ontvang met negentig roepseine. Die volledige lys uitslae sal in die AWA Junie-nuusbrief gepubliseer word.

AM:

1ste Chris, ZS6CPA

ESB:

1ste Ludwig, ZS5CN - 198 Punte

2de Chris, ZS6CPA - 50 punte

3de Helmar, ZS1H - 42 punte

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak laag gaan wees. Tans is daar twee sonvlekke sigbaar en daar is 'n moontlikheid van geringe C-klas sonfakkels. Diegene wat hulle eie frekwensie voorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van twee vir die week gebruik. Radio amateurs kan veral met sonsopkoms en laat middag goeie DX openinge op die 15 tot 30 m bande verwag. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Nou die Dagboek van Gebeure vir die volgende paar weke:

Vanmiddag – die ZS3 Naelloop

19 Mei – die SARL 80 m Klub Naelloop

22 Mei – die Radio Amateur Eksamen

29 en 30 Mei – die CQ WPX GG kompetisie

5 Junie – die SARL BHF/UHF QSO Geselligheid

13 Junie – die Hammies Naelloop

16 Junie – Jeug Dag wn die SARL Jeug Naelloop

17 Junie – Wêreld QRP Dag

19 Junie – die SARL 40 m Ruitvierkant Naelloop

19 en 20 Junie – die Alle Asiaties GG Kompetisie

20 Junie – Vadersdag

Om die bulletin mee af te sluit, ‘n opsomming van ons hoof berig:

Die SARL Skakel span wil graag weet hoe lank die gemiddelde Amateur geneem het om hul nalatenskap lisensie te wysig. Gee jou eerlike terug voer in die opname by www.surveymonkey.com/r/NY6JR39. Daar is ook ’n skakel op die SARL-webwerf.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuus diens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die ’news inbox’ skakel nie later as die Donderdag wat die bulletin datum vooraf gaan nie.

Luister elke Sondag oggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na ”Amateur Radio Today.” Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband deur Louis, ZS5LP en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. ’n Heruitsending aangebied deur Andy ZS6ADY vind op Maandae aande om 19:30 Sentraal Afrika Tyd op 3 620 kHz plaas.

Ons ontvang graag jou sein rapporte, kommentaar en voorstelle, stuur ’n e-pos aan artoday@sarl.org.za.

Jy het geluister na ’n nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, saam gestel deur Andy Cairns, ZS6ADY, geredigeer deur Vivian Dold, ZS6VD en gelees deur .....

Van die nuus span, die beste wense vir die week vorentoe.